**REEKS:** Die HOEKOM vrae

**TEMA:** Hoekom het God nie my gebed beantwoord nie?

"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."
***Johannes 14:13-14 (AFR53)***

**DIE BYBEL GEE ONS VOLDOENDE ANTWOORDE OP HIERDIE VRAAG**

1. **Miskien is daar iemand wat jy moet vergewe.**

"Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie."
***Markus 11:24-25 (AFR53)***

"… if you have anything against anyone, forgive him [drop the issue, let it go] …"
***Mark 11:25b (AMP)***

"As jy dus jou offer na die altaar toe bring en dit val jou daar by dat jou medemens 'n grief teen jou koester, los jou offer net daar voor die altaar en gaan maak eers vrede met daardie persoon. Kom dan terug en bring jou offer."
***Matteus 5:23-24 (NLV)***

"En julle, mans, behandel julle vroue met respek. Leef saam met jou vrou in die besef dat, al is sy fisiek swakker as jy, sy saam met jou deel in die lewe wat God as geskenk gee. As jy haar só behandel, sal jou gebede nie geblokkeer word nie."
***1 Petrus 3:7 (NLV)***

2. **Miskien het jy die verkeerde motiewe.**

3. **Miskien glo jy dat God dit nie wil doen nie.**

“en baie keer het die gees hom al in vuur en in water gegooi om hom dood te maak. As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons.” “‘As U iets kan doen,’ sê jy,” antwoord Jesus. “Vir die een wat glo, kan alles.” “Ek glo,” roep die seun se pa dadelik uit. “Help my in my ongeloof.”
***Markus 9:22b-24 (AFR83)***

“Omdat jy so vas geglo het, is jy nou gesond.”
***Matteus 9:22b (NLV)***

“Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.”
***Lukas 7:50b (NLV)***

“Soos julle geglo het, sal dit vir julle gebeur.”
***Matteus 9:29b (NLV)***

4. **Miskien het God iets anders vir jou.**

“Dit is die vrymoedigheid wat ons voor God het, dat wat ons ook al volgens sy wil vra, Hy na ons luister. As ons dan met die wete leef dat Hy na ons luister, na wat ons ook al vra, weet ons ook dat Hy die versoek wat ons gevra het, toestaan.”
***1 Johannes 5:14-15 (NLV)***